Dias Gemeente - 40 jaar

Waar het Dias Gemeente begin? Ons kyk terug.

Grahamstad Gemeente en die Port Alfred-wyk

Die Port Alfred-wyk van die NG Gemeente Grahamstad het vanaf die Visrivier tot by die Kariegarivier gestrek. ‘n Groeiende behoefte onder die lidmate in die Port Alfred-wyk om hulle eie dienste te hou is later toegestaan, nl. ‘n diens een keer per maand, op ‘n weeksdag, wat natuurlik ontevredenheid veroorsaak het. Teen 1928 is besluit dat ‘n ouderling van Grahamstad een Sondag per maand die diens in Port Alfred sou waarneem en die predikant een keer per kwartaal daar Nagmaal sou bedien. Dinge het egter begin verander toe die Heunisgesin hulle in 1938 vanaf Grahamstad in Port Alfred kom vestig op ‘n stadium toe daar een keer per maand in die ou “Girl Guide”-saal onder leiding van ds. A.J. van Wyk ‘n kerkdiens gehou is. Na heelwat onderhandelinge is mnr. Heunis se planne vir ‘n kerkgebou goedgekeur en saam met die inkomste van ‘n basaar is die gebou in 1942 voltooi. Die letters N.G.K. is later bokant die (omstrede) naam “Petrasaal” aangebring en die preekstoel uit die ou Voortrekker Rietdakkerk op Riebeeck-Oos, kerkbanke van Grahamstad en ‘n klavier en later ‘n orrel is in die nuwe gebou gesit. Kerkraadsvergaderings, katkisasie en die basaar is steeds in Grahamstad gehou. Die Port Alfred-wyk se lidmate het aanvanklik gegroei van 11 tot 15 tot 140 teen 1965. Kenmerkend was die samewerking wat hulle van die Engelssprekende vriende ontvang het, ‘n duidelike teken van die liggaam van Christus as simbool van die nuwe kerkgemeenskap.

Afstigting en ‘n nuwe gemeente word gevorm

Op Sondag 14 Junie 1981 het die Port Alfred-wyk afgestig van die Grahamstad / Alexandriagemeente. Boesmansriviermond en Kenton-on-Sea wat in 1934 by Alexandria Gemeente ingelyf is vermoedelik weens die destydse swak padverbindinge, is weer by Port Alfred ingeskakel nadat die padverbindinge in 1958 aansienlik verbeter is. (Dr. Mike Smuts). Ongeveer agt maande nadat Dias Gemeente ontstaan het, het daar ‘n spontane beweging met ‘n petisie van die inwoners van Boknesstrand en Cannon Rocks gekom om ook ingelyf te word by die nuwe gemeente. Een van die voorwaardes vir afstigting (selfs vermaning van die kerkverband - alles deeglik aangeteken deur die konsulent van die gemeente, ds Japie van Wyk van Alexandria), was dat almal dit sou verstaan en daaraan werk dat dit EEN gemeente, saamgestel is uit verskeie groeiende dorpies, sou wees – en as sodanig bestuur sou word. So is Dias Gemeente se Kerkkantoor en die Gemeentesentrum tans by Port Alfred en vorm Kenton-on–Sea, Boesmansriviermond, Boknes en Cannon Rocks (voorheen Kanonbanke) die Dias Wes gedeelte van Dias Gemeente met die kerkgebou in Boesmans. Dias Oos is Port Alfred, Kleinemonde en Bathurst. Tans word die Boesmansriviermonddiens ook een maal per kwartaal in die Boknessaal gehou. Aanvanklik is daar elke Sondag op sowel Port Alfred as Boesmans dieselfde eredienste gehou, alternatiewelik om 09:00 en 11:00 met geen uitsondering nie en geen aanddienste nie. Daar

is net een kerkraad bestaande uit kerkraadslede vanuit die twee “blokke”, Dias Oos en Dias Wes, elk met ‘n Leierouderling. Daar is destyds ook besluit teen die dra van enige amptelike kerkdrag na eredienste en vergaderings, iets wat op daardie stadium nog 'n ernstige kontroversiële punt in die NG Kerk en Oos-Kaapse Sinode was. As vakansiedorpe blyk dit tans duidelik dat ‘n meer informele kerkdrag bywoning aanmoedig. Dit was en is nie ongewoon dat kerkgangers, veral besoekers, tydens die vakansieseisoen selfs kaalvoet en met ‘n strandrokkie of informele kortbroek en T-hemp na die diens toe kom nie.

‘n Naam vir die gemeente

Op kaarte van die kusgedeelte van die Oos-Kaap, sien ons name soos Wildekus, Sonskynkus, Visrivier, Kowierivier (uit Khoi *t’auow* (‘buffel’)), Kariegarivier (uit Khoi *^ari* (‘klip’) en *#ga* (‘fontein’), Kasougarivier (uit Khoi *xoasao* (‘luiperd’)), Boesmansrivier, Kwaaihoek, ens. wat vir ons ‘n idee gee van die natuurlike omgewing en die uitdagings wat die eerste setlaars en inwoners moes oorkom. Die Wildekus is egter waarmee seevaarders te doen gekry het en vir sommiges was dit so ‘wild’ dat hulle omgedraai het. So ‘n ontdekker was Bartholomeus Dias. Sy naam is gevestig deur ‘n gewilde bestemming vir plaaslike inwoners en vakansiegangers, nl. die *padrão* (kruis) wat Dias by Kwaaihoek tussen Boesmansriviermond en Boknes geplant het. Uit vyf voorstelle vir ‘n naam het DIAS die meeste stemme gekry. Dr. Mike Smuts vestig ons aandag daarop dat hierdie vernoeming van ‘n Gereformeerde Kerk merkwaardig is, omdat binne die meerderheid van genoemde kerke dit nie gebruiklik is om gemeentes na mense, in Dias se geval boonop ‘n Rooms-Katolieke persoon, te vernoem nie. Hy noem ook Andrew Murray-gemeentes vir anderstaliges in Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein en Kaapstad en die St. Stephensgemeente in Kaapstad.

Die kerkgebou op Boesmansriviermond

Boesmansriviermond het ontstaan as ‘n vakansieplek op grond wat aan die Departement van Bosbou behoort het. Drie van die erwe het aan predikante behoort – di. Strydom, De Kock en Hanekom - nadat die gemeenskap onderling besluit het om by die vendusie nie op die dominees se erwe te bie nie, aangesien die dominees met hulle klein salarisse nie met hulle sou kon kompeteer nie! Met drie predikante elke Desember byderhand, is daar van vroeg reeds op Sondae kerkgehou by die Scheeperskraalhuis met die dominee wat op die stoep staan en die “gemeente” wat onder die melkhoutbome sit. Die inisiatief om fondse vir ‘n kerksaal in te samel by vakansiegangers, inwoners en boere in die distrik het hier ontstaan. Uiteindelik is die kerksaal in 1950 gebou en later omskep in die huidige kerkgebou.

Die nuwe kerkgebou te Port Alfred

Op 18 Februarie 2003 word erf 2639 in Boundaryweg as ‘n geskikte perseel vir ‘n nuwe kerkgebou geïdentifiseer, enersyds vanweë die pragtige see-uitsig en ook omdat dit nie (soos die huidige gebou) in ‘n sakegebied geleë is nie. In 2005 skenk die Munisipaliteit die erf aan die gemeente.

Deur die pastorie en ou kerkgebou te verkoop, kon in 2008 begin word met die nuwe kerkgebou wat vandag ook die Gemeentesentrum is vanwaar die Kerkkantoor bedryf word.

Die eerste leraar wat beroep is, was dr. Ben du Toit, gevolg deur ds. Niko Weeber, ds. Riaan Steyn en ds. Wikus Venter. Emeriti wat in die omgewing afgetree het en gereeld uitgehelp het en sommiges steeds uithelp, is dr. Mike Smuts, ds. Barry Fourie, ds. Tokkie Scheepers, ds. Samuel Murray en besoekende leraars tydens vakansietye. Die voorgeslag van sommige lidmate van Dias Wes het voor die stigting van Dias Gemeente elke Sondag onder die melkhoutbome van Scheeperskraal (skuins oorkant die huidige kerkgebou op Boesmansriviermond) kerkgehou en was bevoorreg om leraars soos di. Hanekom, Strydom, De Kock, Van Arkel, Retief, en andere bedien te word.

En so het Dias Gemeente begin : *VERLOS TER WILLE VAN DIE WÊRELD*